5 Junie 2022

Gr R tot Gr 3

Vir die **res** van my lewe!

Psalm 104:24-34 en 35b

voorbereiding

Neem saam:

- Lys van gawes en talente
- "Dankie lysie" aan einde van die les
- Inkleurkryte en kokies

OPENINGSGEBED:
vra vir een van die kinders om te open met gebed.

bid **tyd**

gesels **tyd**

As jy kan kies om een ding te doen vir die res van jou lewe, wat sal dit wees? *Moedig die kinders aan om te vertel wat sal hulle vir die res van hulle lewe wil doen. Daar is geen regte of verkeerde antwoord nie.*

Wanneer ons iets doen wat baie lekker is, byvoorbeeld om "10 pin bowling" te gaan speel, sal ons maklik sê: Ek wil dit doen vir die res van my lewe. Of as jy die eerste keer 'n lekker Pizza eet of die grootste lekkerste melkskommel drink, dan sal ons sê: Ek wil vir die res van my lewe elke dag sulke pizza eet of die melkskommel drink. Want op daardie stadium dink jy dit is die beste ding ooit. Maar as jy elke liewe dag moet pizza eet en "10 pin bowling" moet doen, gaan jy dalk na 'n week daarvan elke dag, moeg wees daarvoor en wil jy dit dalk nooit weer doen of nooit weer Pizza eet nie.

Maar ons het ook verskillende gawes en talente gekry. Een kan dalk mooi teken, en 'n ander een mooi sing. Dalk kan jy goed klavier speel en die volgende een goed krieket speel. Hierdie gawes en talente wat ons gekry het, kan ons ook doen vir die res van ons lewe. Maar dit vra van ons om elke dag bietjie te oefen. Soos ons oefen, sal ons ook al beter raak in wat ons doen. En soos jy beter raak, stel jy vir jouself al meer doelwitte om dit wat jy doen, of dit nou klavier speel is of teken, om al beter daarin te word. Jy oefen jou talente en gawes en ontwikkel daarin. Jou ma en pa en onderwysers sal ook super trots op jou wees vir wat jy bereik en jou aanmoedig om nog beter te raak.

gesels **tyd** (vervolg)

Watter gawes en talente dink jy het jy of het jy dalk al by 'n maatjie gesien wat elke dag hard oefen om al beter te raak? Is jy saam met ander opgewonde wanneer hulle hulle gawes ontdek?

Jesus het elkeen van ons gawes en talente gegee. Ons moet ons nie meet teen ander nie, maar onsself elke dag vra, doen ek die beste met die gawe en talent wat die Here vir my gegee het, of moet ek nog meer doen. Lewe voluit en maak die beste van elke dag.

Noem nog gawes en talente op en dink waarin is jy goed, of waarin sal jy graag wil oefen om goed te wees?

sing **tyd**

Hierdie liedere is slegs voorstelle.
Sing gerus iets wat meer bekend is.

Liedjie: Lees jou Bybel
Lees jou Bybel, bid elke dag
Bid elke dag, bid elke dag
Lees jou Bybel, bid elke dag
En jy sal groei, groei, groei
En jy sal groei, groei, groei
En jy sal groei, groei, groei
Lees jou Bybel, bid elke dag
En jy sal groei, groei, groei

Liedjie: Ek is so bly
Ek is so bly oor die vreugde wat ek kry
Deur aan die Here oorgegewe te bly
Ek is so bly oor die vreugde wat ek kry
Deur aan die Here oorgegewe te bly

En ons stap nou waar die Here ons lei
En omdraai sal ons nie
O ja ons stap nou waar die Here ons lei
En omdraai sal ons nie

Kom, kom, kom
Voorwaarts, kinders van die Here
Voorwaarts, kinders van die Here
Voorwaarts, kinders van die Here
Ons gaan waar die Here ons lei

BYBEL tyd

Wanneer ons die Bybel lees, maak dit ons opgewonde om te sien wat God alles doen. Ons weet Hy het alles gemaak wat ons om ons sien. Soms vergeet ons om vir Hom dankie te sê vir alles wat Hy gemaak het.

Raak vir 'n oomblik stil en dink gou aan iets wat jy baie bly is dat God dit gemaak het. Wat is is?

Moedig die kinders aan om te vertel waaroor is hulle bly. Dit kan dalk hulle troeteldiere wees, waarmee hulle kan speel. Of dalk die lekker rivier waarin hulle in die somer kan swem. Of dalk die lekker pampoen wat in die tuin groei wat hulle gunsteling groente is.

Ons moet elke dag vir God dankie sê vir alles wat Hy gemaak het. Wanneer ons dankie sê, gaan ons oë oop om al meer dinge raak te sien waarvoor ons kan dankie sê. Net soos wanneer ons hoor waarvoor ons maats dankie sê, herinner dit my ook weer aan nog goed waarvoor ek vir die Here kan dankie sê.

In die boek Psalms, dis amper in die middel van die Bybel, lees ons verskillende hoofstukke van Psalms wat soos gedigte en briewe is waarin die skrywer vir God net dankie sê vir alles wat Hy gemaak het.

Kom ons lees vandag se stukkie en luister hoe die skrywer ook vir God wil dankie sê:
Lees vir die kinders voor uit Ps.104:31-34 en 35B

In die Psalm sien ons hoe dei skrywer eintlik in verwondering is oor God. Om in verwondering te wees beteken om te sê: WOW, maar dit is mooi en goed. Die skrywer is so opgewonde oor alles wat God gemaak het, dat hy nooit ooit wil ophou om vir God dankie te sê vir alles nie. Hy wil net aanhou en aanhou sing en lof bring vir God.

Kom ons dink weer na oor alles waarvoor ons vir God kan dankie sê. Kom ons gaan al in die rondte en gee kans dat jy kan dankie sê vir een ding. Dit mag ook dieselfde wees as jou maat, maar probeer om elke keer 'n nuwe ding te sê. Ons kyk hoeveel keer kan ons in die rondte gaan.

Ons dankie vir God is amper soos om hard te oefen vir klavierspeel en teken. Hoe meer jy oefen om dankie te sê en so vir God die eer te bring, hoe makliker raak dit om dinge om jou raak te sien waarvoor jy kan dankie sê. En binnekort sal jy nooit wil ophou dankie sê vir dinge nie. Jy sal vir die res van jou lewe vir God die lof en eer bring en dankie sê vir alles. Ons kan dankie sê met woorde, of wanneer ons sing. Of ons kan dankie sê deur te dans, of die heerlike vrugte te eet wat God gemaak het. Jou lewe moet elke dag 'n lof offer vir God wees wat uitskree: Dankie Jesus vir wie U is en vir alles wat U gemaak het.

Probeer om die week elke aand in jou gebed vir 2 goed dankie te sê wat jy vandag vir die eerste keer voor dankie sê. En as daar meer as 2 is, mag jy maar solank vir hulle ook dankie sê. Oefen daarin om meer dankbaar te lewe.

doen & leer **tyd**

Dankie lysie

Kom ons oefen die week om vir dinge om ons dankie te sê. Gebruik die "Dankie lysie" en skryf of teken elke dag 2 goed op die lysie by waarvoor jy vandag wil dankie sê. Wanneer jy dalk 'n moeilike dag gehad het, lees weer deur jou lysie van alles waarvoor jy al dankie gesê het en jy sal verbaas wees oor hoe jy meer dinge om jou sal sien waarvoor jy dankie kan sê. En dan sal jou slegte dag ook sommer vinnig in 'n goeie dag verander. Oefen om dankie te sê elke dag.

Moedig vir mamma en pappa ook aan om dinge op die Dankie lysie by te skryf waarvoor julle as gesin saam kan dankie sê.

groet **tyd**

Dankie Jesus dat U vir ons sorg, elke dag. Dankie vir maats. Dankie vir my Bybel. Dankie dat U lief is vir my. Help my om die week meer en meer dankie te sê.
Amen



Dankie Lysie.

Skryf of teken elke dag 2 goed op die lysie waarvoo r jy k an dankie sê.